Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

BELEIDSDOKUMENT: AH05

PRYSUITDELING & EREKLEURE

Direksie- / Bestuurslid	Naam en van:	Handtekening van aftekenaar:
Voorsitter:	Louisa Campbell	
Ondervoorsitter:	Wendell Visser	
Skoolhoof:	Tinus Botma	
Adjunkhoof:	Johan Adriaanse	

Datum goedgekeur:	Augustus 2020	
Goedgekeur deur:	DIREKSIE / BESTUURSPAN	
Hersieningsdatum:	Augustus 2022	
Hersien deur:	BESTUURSPAN	
Uitgawe:	2de	
Verantwoordelike persoon:	ADJUNKHOOF	

PRYSUITDELINGS

INLEIDING

Buiten akademiese prestasie is daar verskeie aktiwiteite op sport- en kulturele gebied waar leerders aangemoedig word om deel te neem, hul beste te lewer en so hulself as individue te ontwikkel en die skool se naam uit te dra.

DOEL

- Om erkenning te gee aan leerders wat prestasies bereik het op akademiese, sport en kultuur gebied.
- Om alle aktiwiteite deur die erkenning van prestasies te bevorder en aan te moedig.
- Om leerders se selfbeeld, selfwaarde en trots te bevorder.

PRYSE

- Kontant - Kontantpryse sal bepaal word na gelang van borge ontvang.
- Sertifikaat
- Boekprys
- Medalje
- Balkie
- Trofee – 3 Jaar gekoppel aan ’n naam met kontantborg vir 3 jaar.
- Skild – 3 Jaar gekoppel aan ’n naam met kontantborg vir 3 jaar.

KOMITEES

- Die komitee vir die Junior Primêre akademiese prysuitdeling sal uit die volgende lede bestaan. Skoolhoof, adjunkhoof, departementshoof en sameroeper van prysuitdeling.
- Die komitee vir die Senior Primêre akademiese prysuitdeling sal uit die volgende lede bestaan. Skoolhoof, adjunkhoof, departementshoof en sameroeper van prysuitdeling.
- Die komitee vir die Hoërskool akademiese prysuitdeling sal uit die volgende lede bestaan. Skoolhoof, adjunkhoof, departementshoofde en sameroeper van prysuitdeling.
- Die komitee vir die kultuur prysuitdeling sal uit die volgende lede bestaan. Skoolhoof, adjunkhoof, kultuur sameroeper en sameroeper van prysuitdeling.
- Die komitee vir die sport prysuitdeling sal uit die volgende lede bestaan. Skoolhoof, adjunkhoof, sportbestuurder en sameroeper van prysuitdeling.
- Enige besware moet skriftelik by die onderskeie komitees ingedien word. Die komitee sal dit bespreek en hulle beslissing is finaal.

1. AKADEMIE

1.1 JUNIOR PRIMÊR

- Goeie vordering Gr. R & RR – *Sertifikaat & boekprys*
- Algehele goeie vordering alle Gr. 1 – 3 leerlinge – *Sertifikaat & medalje*

1.2 SENIOR PRIMÊR

- Besondere hoë prestasie in eksamenvakke – *Sertifikaat & kontantprys per vak*

  Kriteria: Leerling moet ’n minimum van 80% vir ‘n vak behaal.

  Leerlinge met addisionele vakke soos Admaths word in ag geneem mits die finale punt, tydens die bepaling van toekennings, beskikbaar is.

- Beste prestasie in eksamenvakke – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Punte word gebruik voordat dit afgerond word soos op die rapport. Leerling moet ’n minimum van 80% vir ’n vak behaal.

- Beste algehele akademiese vordering in Gr. 7 – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Vordering word bereken vanaf termyn 2 na promosiepunt.

- Beste tweetalige leerling per graad in Gr. 4 – 7 – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Hoogste gemiddeld vir Afrikaans en Engels

- Beste Wiskunde leerling per graad in Gr. 4 – 7 – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Geen vereiste vir persentasie behaal word aan die toekenning gekoppel nie.

- Top 5 in elke graad – *Balkie*
- Veelsydigste leerling per graad – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Die leerling in elke graad wat baie goed akademies presteer en baie veelsydig in buitemuurse aktiwiteite is. Senior Primêre personeel bespreek alle voorstelle en die departementshoof doen die finale toekenning

- Erekleure vir akademie – *Sertifikaat & balkie*

  Kriteria: Sien erekleure vereistes.

- Voortreflikste leerling in Gr. 7 – *Trofee & kontantprys*

  Kriteria: Leerling wat uitgestaan het in Gr. 7 ten opsigte van leierskap, deursettingsvermoë, hulpvaardigheid, vriendelikheid. Senior Primêre personeel bespreek alle voorstelle en die departementshoof doen die finale toekenning.

- Junior Dux leerling – *Trofee & kontantprys*

  Kriteria: Gr. 7 leerling met die hoogste gemiddelde promosiepunt.

1.3 HOËRSKOOL

GRAAD 8 – 11 EN BEROEPSGERIG

Meriete toekennings:

- Besondere hoë prestasie in eksamenvakke – *Sertifikaat & kontantprys per vak*

  Kriteria: Leerlinge in Gr. 8 & 9 moet ’n minimum van 80% vir ‘n vak behaal. Leerlinge in Gr. 10 & 11 moet 75% vir ’n vak behaal.

  Leerlinge met addisionele vakke soos Admaths word in ag geneem mits die finale punt, tydens die bepaling van toekennings, beskikbaar is.

- Hoogste prestasie in onderskeie vakke – *Sertifikaat & kontantprys per vak*

  Kriteria: Punte word gebruik voordat dit afgerond word soos op die rapport. Leerlinge in Gr. 8 & 9 moet ’n minimum van 80% vir ’n vak behaal en leerlinge in Gr. 10 & 11 moet ’n minimum van 75% vir ’n vak behaal.

- Besondere hoë prestasie in ’n Olimpiade – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge wat onder die top 10 in Namibië is of onder die top 50 van Suid-Afrika kwalifiseer vir die sertifikaat.

- Deelname aan die Nasionale Wetenskapekspo – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Alle leerlinge wat aan die Nasionale Wetenskap Ekspo deelneem kwalifiseer.

- Beste vordering – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Gr. 8 – 11 word bereken vanaf termyn 2 na promosiepunt.

- Deursettingsvermoë per graad – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Hoërskoolpersoneel bespreek alle voorstelle en die adjunkhoof doen die finale toekennings.

- Top 5 presteerders in Gr. 8 – 11 – *Balkie*

Spesiale toekennings:

- Beste tweetalige leerling per graad – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Hoogste gemiddeld vir Afrikaans en Engels.

- Beste praktiese leerling in Gasvryheidstudies per graad – *Sertifikaat & kontantprys*

- Leerling met hoogste gemiddeld in Wiskunde en Rekeningkunde per graad vir Gr. 10 – 11 – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge moet ’n minimum gemiddeld van 80% behaal.

- Top presteerder in Beroepsgerigte afdeling – *Sertifikaat & kontantprys*

- Top presteerder per graad – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerling met die hoogste gemiddelde persentasie vir promosie na die volgende graad.

Trofee toekennings:

- Spesiale vaktrofee in verskeie vakke – *Trofee*

  Kriteria: Leerlinge moet ’n gemiddeld van 75% behaal.

  Vakke: Afrikaans – Junior en Senior Sekondêr

  Engels – Junior en Senior Sekondêr

  Wiskunde – Junior en Senior Sekondêr

  Rekeningkunde – Junior en Senior Sekondêr

  Lewenswetenskappe – Senior Sekondêr

  Fisiese Wetenskap – Senior Sekondêr

Prestige toekennings:

- Veelsydigste leerling per graad – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Die leerling in elke graad wat baie goed akademies presteer en baie veelsydig in buitemuurse aktiwiteite is.

  Hoërskoolpersoneel bespreek alle voorstelle en die adjunkhoof doen die finale toekennings.

- Erekleure in akademie – *Sertifikaat & balkie*

  Kriteria: Sien erekleure vereistes.

- Top presteerder in Junior en Senior Sekondêre fase – *Trofee*

GRAAD 12 EN BEROEPSGERIG

Meriete toekennings:

- Besondere hoë prestasie in eksamenvakke – *Sertifikaat & kontantprys per vak*

  Kriteria: Leerlinge moet 75% vir ’n vak behaal.

  Leerlinge met addisionele vakke soos Admaths word in ag geneem.

- Hoogste prestasie in onderskeie vakke – *Sertifikaat & kontantprys per vak*

  Kriteria: Punte word gebruik voordat dit afgerond word soos op die rapport. Leerlinge moet ’n minimum van 75% vir ’n vak behaal.

- Besondere hoë prestasie in ’n Olimpiade – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge wat onder die top 10 in Namibië is of onder die top 50 van Suid-Afrika kwalifiseer vir die sertifikaat.

- Beste vordering – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Vordering word bereken vanaf termyn 1 na promosiepunt.

- Deursettingsvermoë – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Hoërskoolpersoneel bespreek alle voorstelle en die adjunkhoof doen die finale toekennings.

Spesiale toekennings:

- Beste praktiese leerling in Gasvryheidstudies – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*
- Leerling met die hoogste gemiddeld in Wiskunde en Rekeningkunde – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge moet ’n minimum gemiddeld van 75% behaal.

- Beste tweetalige leerling – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Hoogste gemiddeld vir Afrikaans en Engels.

- **Trots Elnatan** toekenning vir ’n leerling in Gr. 12 – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Die matrikulant wat hom / haar voortreflik gedra het, goed van sy / haar taak gekwyt het, ’n goeie voorbeeld vir andere was, onderwerp het aan gesag, die skool se naam op alle terreine hoog gehou het en ook getrou was in die akademie.

  Hoërskoolpersoneel bespreek alle voorstelle en die adjunkhoof doen die finale toekennings.

Prestige toekennings:

- Erekleure in Akademie – *Sertifikaat & balkie*

  Kriteria: Sien erekleure vereistes.

- Voortreflikste matrikulant – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Belowende matriek kandidaat wat hom- / haarself bewys het op vele terreine. Goeie leierskap, gebalanseerde sportman en goed in akademie. Toegewyd en ’n voorbeeld vir ander.

  Hoërskoolpersoneel bespreek alle voorstelle en die adjunkhoof doen die finale toekennings.

- Uitnemende akademiese prestasie – *Sertifikaat & kontant*

  Kriteria: Leerling met die meeste A simbole.

- Man van Staal – *Skild, sertifikaat & kontantprys.*

  Kriteria: Hoogste gemiddeld van matrikulant in die beroepsgerigte afdeling.

- Top presteerder in Gr. 12 – *Trofee, sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Hoogste gemiddeld van matrikulant na die rekordeksamen. DASS 25% (Januarie – Augustus) en Eksamen 75% (rekordeksamen)

- Dux-leerling – *Trofee*

  Kriteria: Hierdie toekenning word aangewys nadat die finale Gr. 12 punte deur die IEB bekend gemaak is. Hierdie leerling word na die saalbyeenkoms met skool opening genooi waar die toekenning oorhandig sal word. Indien ’n leerling nie teenwoordig kan wees nie kan sy / haar ouers die toekenning namens hom / haar ontvang.

  Indien daar ’n hermerk deur ’n leerling aangevra word, en die Dux-leerling verander na die uitslag van die hermerk, sal beide name op die ererol geplaas word.

2. KULTUUR

Meriete toekennings:

- Besondere prestasie tydens deelname aan NAPSO kultuurfees – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge moet ’n goue toekenning ontvang.

- Besondere prestasie tydens deelname aan Tienertoneel – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge moet ’n goue toekenning vir alle individuele toekennings of rolverdelings ontvang.

- Besondere prestasie tydens deelname aan nasionale redenaars – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge wat in die top 10 van hul onderskeie afdeling is kwalifiseer.

- Musiekeksamen – *Sertifikaat*

  Kriteria: Leerlinge moet hul eksamen met lof slaag.

- Besondere prestasie tydens deelname aan nasionale idiomestryd – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge wat in die finaal deelneem kwalifiseer.

- Besondere prestasie op internasionale vlak – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Spanverband en individuele deelname word in ag geneem. Leerlinge of spanne moet ’n 3de, 2de of 1ste plek behaal.

Prestige toekennings:

- Erekleure in Kultuur – *Sertifikaat & balkie*

  Kriteria: Sien erekleure vereistes.

3. SPORT

Meriete toekenning:

- Besondere prestasie tydens deelname aan die NAPSO atletiekbyeenkoms – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Leerlinge van O/7 – O/12 kwalifiseer vir hierdie toekenning. Leerlinge moet ’n brons, silwer of goue medalje in hul ouderdom verwerf. Medaljes vir items word nie in ag geneem nie.

- Besondere prestasie op nasionale vlak – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Spanverband en individuele deelname word in ag geneem. Leerlinge of spanne moet ’n 3de, 2de of 1ste plek behaal. Alle sportkodes binne skoolverband word in ag geneem. Sportkodes buite skool verband sal slegs in ag geneem word indien die nasionale liggaam van daardie sportkode ’n amptelike brief na die skool stuur met bevestiging van prestasie.

- Besondere prestasie op internasionale vlak – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Spanverband en individuele deelname word in ag geneem. Indien leerlinge in ’n nasionale B-span verkies word en deelneem vir daardie span. Alle sportkodes binne skoolverband word in ag geneem. Sportkodes buite skool verband sal slegs in ag geneem word indien die nasionale liggaam van daardie sportkode ’n amptelike brief na die skool stuur met bevestiging van prestasie.

- Besondere prestasie op internasionale vlak – *Sertifikaat & kontantprys*

  Kriteria: Spanverband en individuele deelname word in ag geneem. Indien ’n leerlinge in ’n nasionale C- of D-span verkies word en ’n 3de, 2de of 1ste plek behaal. Alle sportkodes binne skoolverband word in ag geneem. Sportkodes buite skool verband sal slegs in ag geneem word indien die nasionale liggaam van daardie sportkode ’n amptelike brief na die skool stuur met bevestiging van prestasie.

Prestige toekennings:

- Erekleure in Sport – *Sertifikaat & balkie*

  Kriteria: Sien erekleure vereistes.

- Junior sportdogter van die jaar – *Wisseltrofee & sertifikaat*

  Kriteria: Leerlinge van Gr. 4 – 7 word in ag geneem. ’n Goedgekeurde puntetabel word gebruik om deelname na punte te verwerk. Die kandidaat met die hoogste puntetotaal kwalifiseer vir die trofee. Indien daar kandidate is met dieselfde puntetotale berus die besluit by die bestuurspan of die trofee gedeel moet word.

- Junior sportseun van die jaar – *Wisseltrofee & sertifikaat*

  Kriteria: Leerlinge van Gr. 4 – 7 word in ag geneem. ’n Goedgekeurde puntetabel word gebruik om deelname na punte te verwerk. Die kandidaat met die hoogste

puntetotaal kwalifiseer vir die trofee. Indien daar kandidate is met dieselfde puntetotale berus die besluit by die bestuurspan of die trofee gedeel moet word.

- Senior sportvrou van die jaar – *Wisseltrofee & sertifikaat*

  Kriteria: Leerlinge van Gr. 8 – 12 word in ag geneem. ’n Goedgekeurde puntetabel word gebruik om deelname na punte te verwerk. Die kandidaat met die hoogste puntetotaal kwalifiseer vir die trofee. Indien daar kandidate is met dieselfde puntetotale berus die besluit by die bestuurspan of die trofee gedeel moet word.

- Senior sportman van die jaar – *Wisseltrofee & sertifikaat*

  Kriteria: Leerlinge van Gr. 8 – 12 word in ag geneem. ’n Goedgekeurde puntetabel word gebruik om deelname na punte te verwerk. Die kandidaat met die hoogste puntetotaal kwalifiseer vir die trofee. Indien daar kandidate is met dieselfde puntetotale berus die besluit by die bestuurspan of die trofee gedeel moet word.

- Sportprestasie van die jaar – *Wisseltrofee & sertifikaat*

  Kriteria: Leerlinge van Gr. 4 – 12 word in ag geneem. Die trofee kan aan ’n individu of ’n span toegeken word. Slegs uitsonderlike prestasies word in ag geneem en die prestasie word nie noodwendig elke jaar toegeken nie. Hierdie toekenning word deur die sportbestuurder voorgestel en deur die bestuurspan goedgekeur.

EREKLEURE

ALGEMEEN

- Erekleure word toegeken om aan leerlinge erkenning te gee vir prestasies behaal op akademiese, kulturele en sportgebied.
- Toekennings word oorweeg deur die Erekleurekomitee bestaande uit die bestuurspan en ander lede kan gekoöpteer word. Die skoolhoof tree ook as voorsitter op.
- By die toekennings word prestasie soos gemeet aan neergelegde kriteria, goeie gedrag, lojaliteit, toewyding en bywoning in aanmerking geneem. Die reg word voorbehou om in die geval van ernstige wangedrag enige toekenning te weerhou of in te trek. Appèl kan aangeteken word. Skriftelike besware teen enige kandidaat sal deur die Erekleurekomitee bespreek word en hulle beslissing is finaal. Toekennings word by die jaarlikse prysuitdelingsgeleenthede in die 3de termyn gemaak, asook, in die geval van ‘n graad 12-leerder, in die loop van die jaar by ’n saalbyeenkoms sodat daar geleentheid is om die wapen en das te dra.
- Kleure word toegeken:
  - aan ‘n leerling van die skool wat die prestasie gelewer het terwyl hy / sy ‘n ingeskrewe leerder van die skool is (Graad 12-leerders word beskou as ingeskrewe tot 31 Desember van die bepaalde jaar)
  - vir akademiese prestasies.
  - vir prestasies in Elnatan-sportsoorte.
  - vir nie-skoolsportsoorte slegs vir prestasies op internasionale vlak indien bewys van die prestasie gelewer kan word.
  - vir prestasies in kultuuraktiwiteite.
- Voorleggings of appèl word skriftelik by die voorsitter van die Erekleurekomitee ingedien.
- Die verantwoordelikheid om ‘n prestasie onder die aandag van die Erekleurekomitee te bring berus by die leerling self (veral in die geval van aktiwiteite buite die skool).
- Die personeellid verantwoordelik vir die spesifieke aktiwiteit sal dit kontroleer.
- In die geval waar ‘n prestasie herhaal word, word die toekenning weer gemaak, maar die leerling ontvang nie weer ’n wapen of balkie nie. Leerlinge kan dus een balkie vir elke erekleure prestasie op hul baadjie dra.
- Leerlinge in Gr. 1 – 3 kwalifiseer nie vir enige erekleure nie en indien ’n leerling in die fase ’n besondere prestasie gelewer het sal hy / sy ’n meriete sertifikaat daarvoor ontvang.
- Erekleure vir Gr. 4 – 7 behels ’n sertifikaat.
- Erekleure vir Gr. 8 – 12 behels ’n sertifikaat, wapen, balkie en ’n das.

1. AKADEMIE

INTERN

- Akademiese erekleure word aan leerlinge in Gr. 4 – 12 toegeken.
- Leerlinge in Gr. 4 – 9 moet ’n gemiddelde promosiepunt van 85% behaal.
- Leerlinge in Gr. 10 & 11 moet ’n gemiddelde promosiepunt van 80% behaal.
- Leerlinge in Gr. 12 moet ’n gemiddelde jaarpunt van 80% behaal. Die jaarpunt word na die rekordeksamen bereken en word as volg saamgestel:

  Deurlopende assessering Januarie tot Augustus = 25%, Rekordeksamen = 75%
- In die geval van ’n leerling wat tydens ’n evalueringsgeleentheid of eksamen afwesig was weens siekte of ander menslikheidsredes, word die punt verwerk deur gebruik te maak van die standaardafwykingformule. Sulke gevalle moet aan die adjunkhoof rapporteer word.

EKSTERN – OLIMPIADES & EKSTERNE EKSAMEN

- Alle nasionale en internasionale olimpiades word in ag geneem.
- Akademiese erekleure word aan leerlinge in Gr. 8 – 12 toegeken.
- ’n Leerling ontvang erekleure indien hy / sy 1ste in Namibië is of onder die 1ste vyftig plekke in Suid-Afrika.
- Indien ’n spesifieke olimpiade meer as een rondte het ontvang ’n leerling erekleure indien hy / sy na die finale rondte van ’n olimpiade deurdring en deelneem.
- ‘n Leerling ontvang erekleure indien hy / sy onder die top 1% van eksterne eksamens is.

EKSTERN – WETENSKAPEKSPO

- Alle nasionale en internasionale ekspo’s word in ag geneem.
- Akademiese erekleure word aan leerlinge in Gr. 8 – 12 toegeken.
- ’n Leerling ontvang erekleure indien hy / sy onder die 1ste drie plekke in Namibië is.
- ’n Leerling ontvang erekleure indien hy / sy aan ’n internasionale ekspo deelneem en Namibië verteenwoordig.

2. KULTUUR

- Kultuur erekleure word aan leerlinge in Gr. 4 – 12 toegeken.

  Erekleure word toegeken aan leerlinge wat:
- Namibië op enige kulturele gebied internasionaal verteenwoordig.

- plasing op die Unisa ererol verwerf.

3. SPORT

- Sport erekleure word aan leerlinge in Gr. 4 – 12 toegeken.
- Erekleure word toegeken aan leerlinge wat tot ‘n Namibiese nasionale A span verkies word en deelneem vir daardie span.
- Erekleure word steeds aan Namibiese verkose leerlinge toegeken al moet hul weens siekte of sport spesifieke beserings vooraf aan die toernooi / kompetisie onttrek. Die bestuurspan sal elke saak op meriete hanteer.
- Erekleure word net jaarliks t.o.v. die prestasie toegeken behalwe leerlinge wat na die jaarlikse sportdinee / sportprysuitdeling eers hul prestasie behaal het. Die leerlinge sal by die volgende jaar se sportdinee / sportprysuitdeling hul erekleure ontvang.
- ’n Speler kry erkenning vir elke verteenwoordigende Namibiese span wat hy/sy in een skooljaar behaal, maar kan nie meer as een keer erekleure vir dieselfde sportkode in dieselfde jaar behaal nie.